

KINDERKERK LES: Vrugte van die Gees - Vriendelikheid en Goedhartigheid

Doel van les:

Ons leer vanaand verder oor die Vrug van die Gees en ons gaan gesels oor vriendelikheid en goedhartigheid.

Ysbreker 1: Rugsak dra: Pak twee rugsakke vol boeke. Maak twee groepe en kies een kind uit elke groep wat die span gaan verteenwoordig. Die kinders moet die rugsak dra van een kant van vertrek, om baken en terug na groep. Die "catch" is dat die sak so swaar moet wees dat die kind omtrent nie die sak gelig of gedra kan kry nie.

Volgende deel van die speletjie sê vir die spanmaats dat hulle nou hulle maatjie gaan help. Almal gaan nou in 'n ry staan en hulle gaan die boeke nou een een uit die sak haal en aangee in die ry af, om die baken en terug na beginpunt.

Vra: Wat dink julle het die beste gewerk? Toe die maatjie moes alleen sukkel of toe almal ingespring en gehelp het?

Vanaand wil ek met julle gesels oor die volgende twee vrugte van die Gees. Wie kan van die vrugte opnoem waaroor ons al die kwartaal gesels het? Ons het al gepraat oor liefde, vreugde, vrede, geduld en selfbeheersing. Vanaand praat ons oor goedhartigheid en vriendelikheid.

Hierdie twee vrugte is baie dieselfde en daarom gaan ons hulle saam doen. 'n Beter woord as vriendelikheid vir hierdie vrug is om gaaf te wees. Goedhartigheid en gaaf is om goed te wees teenoor en vir die mense rondom jou. Dis om iemand te help wanneer hulle sukkel, sonder dat jy iets daaruit kry. Bv. help iemand oor die straat, deel jou broodjie met iemand wat nie het nie ens.

Ysbreker 2: Teken: Ek wil hê julle moet 'n prentjie teken oor 'n tyd toe iemand jou dalk gehelp het, gaaf was teenoor jou. Gee kinders so vyftien minute om te teken en dan te deel in hul groepe.

Storietyd: (Ons gaan die verhaal van die Barmhartige Samaritaan vertel op 'n bietjie van 'n anderste manier te vertel. Jy benodig ses piesangs, een lemoen, skinkbord, swartsak en tafeltjie om skinkbord en swartsak op te plaas.) Ek wil julle vandag van iemand vertel wat baie vriendelik en goedhartig teenoor iemand was.

Haal piesang uit wat vriendelike gesiggie opgeteken het. Hierdie outjie se naam is Peet die Piesang. Peet is 'n gelukkige, oulike piesang. Maar een ding wat julle moet weet: Piesangs en lemoene hou nie vreeslik van mekaar nie. Hulle kan eintlik baie lelik met mekaar wees. (Kry twee ander piesangs gereed, met gemene gesiggies opgeteken.)

Eendag terwyl Peet oppad was winkel toe, het ander piesangs hom aangeval, sy geld gesteel en hom net "ge-squish" en geskil so langs die pad gelos. (Terwyl jy die deel vertel, skil en druk die piesang oor op skinkbord wat op grond is en los Peet die piesang in hartseer hople. Hierdie gedeelte raak redelik morsig, maar dit moet die boodskap oordra.)

(Nou het jy twee deftige piesangs nodig vir volgende gedeelte.) 'n Baie ryk en belangrike tannie piesang het verbygestap en vir Peet gesien. Ongelukkig wou sy hom glad nie help nie, want sy wou nie haar klere vuil kry nie en ag sy is net te besig om op daai tyd te kan help.

Volgende het die piesang burgemeester van die dorpie verbygestap en vir arme Peet sien lê. Sekerlik sou hy help. Wat dink julle? O, nee daar stap hy toe ook verby. Hy is laat vir 'n vergadering en heeltemal te belangrik om vir ou Peet te help.

Hoe dink julle het arme Peet teen daardie tyd gevoel?

Ag foeitog hy was so bang en seer en hartseer dat hy nog al die tyd langs die pad lê so sonder skil en in stukkies. Skielik hoor hy voetstappe en hy dink toe ag laat dit net iemand wees wat my sal help! Ooo maar weet julle wie is dit toe? (Haal lemoen uit met vriendelike gesiggie op). Dis 'n lemoen! Peet dink toe nou is hier moeilikheid. Lemoene en piesangs hou dan glad nie van mekaar nie! Hy gaan hom seker skop terwyl hy so lê.

Weet julle wat. Louis die lemoen het Peet so een kyk gegee en hom jammer gekry. Hy sou nie so in stukke wou lê en sien dat almal verbystap nie. Al was hulle eintlik glad nie maatjies nie, het hy gestop en Peet gehelp.

(Neem skinkbord met piesang en sit op tafel onder swartsak wat reeds oor die tafel gegooi is. Sorg dat daar ander heel Peet die piesang onder die swartsak is.)

Louis die lemoen het vir Peet die piesang huistoe gevat en mooi na hom gekyk totdat Peet weer gesond was. (Haal nuwe Peet die piesang uit van onder sak en wys vir kinders.)

Wie dink julle het in hierdie storie die Vrugte van vriendelikheid en goehartigheid gewys?

Ons het nou oor piesangs en lemoene gepraat, maar het julle geweet hierdie storie staan in die Bybel geskryf? In die storie het dit nou nie met 'n piesang gebeur nie, maar 'n arme oom wat deur skelms geslaan is. Ons noem die storie die Gelykenis van die Barmhartige Samaritaan. Die arme oom het ook so langs die pad gelê met mense wat verbystap en nie help nie, maar 'n Samaritaan het gestop en die oom gehelp. Hy olie aan die einas gesit en hom na 'n hotel toe gevat. Daar het hy die oom wat die baas is van die hotel gevra om na die arme seer oom te kyk en selfs uit sy eie sak betaal dat die beseerde oom daar kan bly.

Dis darem maar iemand wat sommer nog meer as net gaaf is.

Hoe dink julle kan ons so vriendelik en goehartig wees vir ander mense? (Kry terugvoering)

Net soos ons mekaar netnou gehelp het met die boeke, net soos ou Louis die lemoen vir Peet die piesang gehelp het, kom ons vra Jesus nou om ons te help om raak te sien hoe ons ander kan help.

Kom ons bid en sluit af in ons groepe en vra God om ons te help met vriendelikheid en goedhartigheid.